

## Mandela het ongeregtheid, armoede en ongelykheid beveg

Chris Jones\*

In 2020 het António Guterres, sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, op Internasionale Nelson Mandela-dag (18 Julie) 'n lesing, getiteld "[Tackling the Inequality Pandemic: A New Social Contract for a New Era](#)" (ofte wel "Die aanpak van die ongelykheidspandemie: 'n nuwe sosiale kontrak vir 'n nuwe era"), gelewer.

Die rede waarom ek hierdie spesifieke lesing noem, is omdat 'n kollega onlangs na Madiba se [woorde](#) in 2005 op Trafalgar-plein in Londen verwys het: "Solank armoede, ongeregtheid en growwe ongelykheid in ons wêreld voortduur, kan nie een van ons regtig rus nie."

Sy het hierdie woorde aan Guterres se 2020-lesing gekoppel, waarin hy ons herinner aan Madiba wat "sy lewe aan die stryd teen ongelykheid gewy het, wat krisisafmetings regoor die wêreld aangeneem het ... en wat 'n groeiende bedreiging vir ons toekoms inhou".

Sonder om voor te gee dat sy namens Mandela kan praat, het my kollega oortuigend aangevoer dat indien hy vandag nog sou geleef het – 30 jaar nadat hy Suid-Afrika se eerste demokratiese president geword het –, hy beslis nog steeds op armoede, ongeregtheid en veral op growwe ongelykheid sou gefokus het. Sy het 'n punt beet, omdat Madiba hierdie maatskaplike euwels beveg het sodat alle Suid-Afrikaners 'n beter lewe kan hê. 'n Mens sou met veiligheid kon sê hy sou hartseer gewees het oor die voortgesette hoë vlakke van armoede, werkloosheid en ongelykheid, wat 'n lang skadu oor ons demokrasie werp.

Hierdie gesprek het my laat dink aan die Oostenrykse historikus Walter Scheidel se boek [The Great Leveler: Violence and the History of Inequality from the Stone Age to the Twenty-First Century](#).

Scheidel begin sy boek met die stelling dat die rykste 62 mense ter wêreld in 2015 net soveel private netto rykdom soos die armste 3,5 miljard mense besit het.

Volgens hom lei stabiliteit in verskeie samelewings en oor verskillende vlakke van ontwikkeling heen gewoonlik tot ekonomiese ongelykheid. Dit was oor tyd heen opmerklik in Egipte (in die tyd van die Farao's), die Romeinse Ryk, Victoriaanse Engeland en die VSA.

Aan die ander kant het gewelddadige skokke die stabiele, gevestigde orde ontwig, wat tot die verkleining van die gaping tussen ryk en arm gelei het. "Die grootste gelykmaking is dwarsdeur die opgetekende geskiedenis altyd deur die kragtigste skokke meegebring," [skryf](#) Scheidel.

### Die 'Four Horsemen'

Daar is vier gewelddadige aandrywers of katalisators wat ongelykheid met verloop van tyd laat afplat of verminder het, naamlik: (1) grootskaalse, massagemobiliseerde oorlog, (2) transformerende revolusies/opstande, (3) die mislukking van die staat en (4) dodelike

pandemies. Scheidel praat van die sogenaamde “Four Horsemen” wat ongelikheid altyd uitgewis het.

Ofskoon nie alle oorloë ’n beter verspreiding van hulpbronne meegebring het nie, gebeur dit wel wanneer oorlog ’n samelewing as geheel raak en waar mense en hulpbronne op ’n ongekende skaal gemobiliseer word.

Dit is hoekom die twee Wêreldoorloë van die 20ste eeu van die grootste materiële gelykmakers in die geskiedenis was. Verskeie faktore tydens hierdie oorloë het meegedoen om die rykes se skatte uit te wis en tot ’n beter herverdeling van hulpbronne gelei. Die skok van hierdie oorloë het die sogenaamde “Groot Kompressie” meegebring – ’n reuse vermindering in ongelikheid van inkomste en rykdom in ontwikkelde lande.

Hierdie twee oorloë het ook die tweede katalisator aangevuur, naamlik transformerende revolusie. Gewelddadige en uiters intense samelewingsherstrukturering lei tot ’n gelyker verdeling van materiële hulpbronne, soos in China en die Sowjetunie gebeur het, hoewel laasgenoemde meer die gevolg van ideologiese motiewe as oorlog was.

Geweld kan regerings ondermyn of vernietig. En waar regerings, demokraties of outoritêr, in duie stort, vind gelykmaking gewoonlik plaas. Deur die geskiedenis heen was dit gewoonlik die rykes wat hulleself naby of boaan die politieke hiërargie geposisioneer of kontak daarmee gehad het. Gevolglik is dit die rykes wat die meeste het om te verloor as ’n regering weens geweld tot ’n val kom.

Waar hierdie eerste drie “Horsemen” intens en gewelddadig voorkom – en dit hoef nie noodwendig in hierdie volgorde te wees nie – lei dit gewoonlik tot die herverdeling van inkomste en rykdom

’n Goeie voorbeeld is die [Swart Dood in Europa](#) (1346-1353), waarin 75-200 miljoen mense na raming gesterf het. Ná die epidemie het lone verdubbel en selfs verdriedubbel, met arbeiders wat bier en vleis geniet het en eienaars wat gesukkel het om die skyn te bewaar.

### **Nie-gewelddadige meganismes**

Is daar ander, meer vreedsame instrumente wat ongelikhede op groot skaal kan verklein? Scheidel reken daar is nie. Dit was deur die geskiedenis heen een of meer van die bogenoemde vier gelykmakers wat ’n noodsaaklike rol gespeel het om materiële ongelikheid te verklein.

Maar mens sou Scheidel in hierdie opsig kon kritiseer. Sy aanspraak dat materiële gelykmaking hoofsaaklik danksy geweld plaasvind, [ignoreer ongelukkig positiewe voorbeelde van gelykmaking wat op demokratiese beleidmaking gegrond is](#).

Erik Bengtsson en ander [toon](#) hoe ongelikheid in Finland van 1850-1900 aansienlik afgeneem het danksy inklusiewe groei en in die afwesigheid van oorloë en rampe. Nog ’n voorbeeld van dalende ongelikheid in vooroorlogse vreedsame tye het van 1892-1914 in

Noorweë voorgekom, soos [opgeteken](#) deur Rolf Aaberge en ander. Dit is waarskynlik nie vergesog om te sê dat Madiba ook van Scheidel sou verskil het nie, siende sy verbeeldingryke versierendheid om die land na demokrasie te lei selfs toe geweld gedreig het om ons in 'n oorlog te dompel.

Scheidel gee wel toe dat vakbondvorming 'n vreedsame gelykmaker was, maar veral ná die Tweede Wêreldoorlog. Hy meen oorlogsmobilisering was instrumenteel om vakbondvorming te bevorder. En dan verwys hy na voorbeelde in die Verenigde Koninkryk en die VSA.

Maar Francis Sejerstad [wys daarop](#) dat na-oorlogse vakbondvorming ook in lande soos Denemarke, Swede en Noorweë plaasgevind het en dat dit grootliks van binne danksy verskeie werksontwikkelings plaasgevind het, eerder as weens eksterne faktore soos oorlog.

Dit blyk dus dat ekonomiese gelykmaking nie net op 'n gewelddadige wyse deur die "Four Horsemen" teweeg gebring word nie. Soos Finland ons leer, kan billike ekonomiese gelykmaking inderdaad plaasvind as bepaalde bevorderlike maatskaplike beleide op lang termyn volgehou kan word.

Soos Branko Milanovic in sy boek [Global Inequality: A New Approach for the Age of Globalization](#) skryf: "awareness of the destructive nature of increasing inequality and knowledge of the benign means to reduce it – makes one optimistic that a peaceful process of decreasing global inequality could be managed in this century". Mandela sou saamgestem het.

Tans sluimer die vier groot "Horsemen" en dit lyk nie of hulle in die nabye toekoms gaan terugkeer nie, ongeag tekens hier en daar, reken Scheidel.

Die geskiedenis gee ons dus nog 'n kans.

### **Staan saam of val**

Dit is nou tyd vir ekonomiese en maatskaplike wetenskapkundiges om alternatiewe te bedink en die geskiedenis op so 'n wyse te interpreteer dat hulle beleidmakers van lewensvatbare opsies kan voorsien en gewelddadige gelykmaking à la Scheidel nie later die enigste uitkoms word nie. Hulle kan in hierdie verband 'n blaadjie uit Madiba se boek neem.

Kom ons slaan op hierdie Internasionale Nelson Mandela-dag op Madiba se woorde ag: "Een van die uitdagings van ons tyd ... is om daardie gevoel van menslike solidariteit weer in die bewussyn van ons mense te vestig, om in die wêreld te wees vir mekaar en as gevolg van en deur ander."

**\*Prof Chris Jones is die Hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.**